# SONDAGSKOOL LES - God bly altyd dieselfde

**Doel van les:**

- Kinders leer dat die eienskappe wat hulle van God gaan ontdek hierdie jaar, bly altyd so. God verander nie soos mense nie.

**Ysbreker: Yesterday, today and tomorrow**

Laat kinders in hul groepe in 'n sirkel staan. Elke kind moet nou drie dinge noem wat hulle gister gedoen het, vandag gaan doen en môre gaan doen. (So 3 goed gister, 3 goed vandag en 3 goed môre). Laat dit vloei sonder onderbreking en wanneer die kinders klaar is, kan hulle gaan sit.

Soos julle uit die speletjie kon sien, lyk ons dae nie altyd dieselfde nie. Ons planne verander, mense verander en ons verander. Kom ons kyk of God verander soos mense.

**Groepwerk:**

Lees Psalm 102:27-28, Hebreërs 13:8

**Vrae:**
1. Is dit 'n goeie of slegte ding dat God konstant (altyd) dieselfde is?
2. Wat is van die goed wat God al in die verlede gedoen het?
3. Wat is van die goed wat Hy onlangs gedoen het?
4. Wat dink julle gaan Hy in die toekoms doen?
5. Hoe kan ons probeer om in ons lewens meer konstant te wees?

Kry terugvoering.

So wat ons kan weet van God, is dat Hy altyd dieselfde is. Hy verander nie soos mense nie. Hy is nie een dag een manier en die volgende dag heel anders nie. Wat Hy duisende jare terug gedoen het, doen Hy vandag en belowe Hy om tot in ewigheid te doen.

Sluit af in groepe met gebed.